INTERNATIONAL BACCALAUREATE
BACCALAURÉAT INTERNATIONAL
BACHILLERATO INTERNACIONAL

N00/260/S(1)T

**AFRIKAANS B – STANDARD LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS B – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 1**
**AFRICAANS B – NIVEL MEDIO – PRUEBA 1**

Wednesday 8 November 2000 (afternoon)
Mercredi 8 novembre 2000 (après-midi)
Miércoles 8 de noviembre del 2000 (tarde)

1 h 30 m

---

TEXT BOOKLET – INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this booklet until instructed to do so.
- This booklet contains all of the texts required for Paper 1 (Text handling).
- Answer the questions in the Question and Answer Booklet provided.

LIVRET DE TEXTES – INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- Ne pas ouvrir ce livret avant d'y être autorisé.
- Ce livret contient tous les textes nécessaires à l'épreuve 1 (Lecture interactive).
- Répondre à toutes les questions dans le livret de questions et réponses.

CUADERNO DE TEXTOS – INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra este cuaderno hasta que se lo autoricen.
- Este cuaderno contiene todos los textos requeridos para la Prueba 1 (Manejo y comprensión de textos).
- Conteste todas las preguntas en el cuaderno de preguntas y respuestas.

**TEKS A**


Daar was ook 'n gele, maar van 'n ander maak en met 'n rekkie.
O ja, daai, met so 'n groen dingetjie aan die sy. Claudia het ook só een.
trieng-trieng trieng-trieng trieng-trieng !!
Ja, daar's ook wat blou aan die sye het.
Ja, ek hou daarvan, maar ek is nie so mal oor die veters nie.
Polisie? Getuie van 'n roof!? My dogter!!?
Fransie! Wat hoor ek?! Jy was getuie van 'n rooftog??! En jy sê ons niks!!?
ag... ek sien veel erger dinge op TV.
Ja, maar, meisie, besef jy nie die erns van die saak nie! Jy was getuie van 'n misdaad! Die polisie kom nou-nou en vra jou allerhande vrae!
Moenie bekommerd wees nie! Vertel net wat jy weet. Ek staan jou by. Miskien is daar vir kinders 'n poppespel of iets...
TRIENG
Og tog, daar het julle dit...!
Moenie te veel van haar verwag nie. Dié soort ding is buite haar ervaringsveld. En sy is nog so jonk...
Ons sal maar sien... So, Fransie, jy het gesien wat gebeur het. As jy goed nadink, kan jy miskien onthou watter kleur broek hy aangehad het?
Ja. Hy het ongebleikte 501 jeans aangehad, smal middel, wat met knopies toemaak, Nike tekkies – wit en beige, wit sportsokkies – dié wat 5 paar vir R10 is op die vlooimark, 'n geel T-hemp van Billabong en 'n Gotcha-baadjie. ...en... ek... o ja, 'n Police-sonbril. Donker borselkop.
Heel goed... mooi... ja... goed...
U kan trots wees op u dogter, meneer. As sy ooit sou belangstel in die Polisie-kollege, moet julle haar aanmoedig. Ons soek meisies soos sy!
Hû?

**TEKS B**

❶ CHRISTINA KABA kry weer 'n warm gevoel om haar hart as sy iewers in Khayelitsha 'n groen kolletjie op die vaal, stowwerige vlaktes sien. Want Christina het dit haar taak gemaak om die mense te leer om hul stad groen te beplant. En sy plant self die ywerigste van almal.

❷ Wanneer sy nie hand bysit met boomplant-projekte soos die Peace Tree-projek nie, waar sy saam met ander organisasies boomryke parke skep, is sy voltyds aan die werk by Abalimi Bezekhaya, die Xhosa vir "om by die huis te plant". Dis 'n lushof in die middel van die dorre Khayelitsha. (Dit gaan nie vir lank dor bly nie, benadruk Christina, 'n groot, vriendelike vrou wat met haar blou bakkie en plante 'n bekende figuur in die strate van dié woonbuurt is.)

❸ Mense kom selfs van Guguletu en Langa, twee ander Kaapse townships, om Christina se kursusse by te woon. Sy leer hulle groente kweek, komposhope maak, kruie kweek, bome plant en alles oor die voedingswaarde van plante. En dis 'n reusesukses. Bure kom nou byeen om namens hul straat die kursus by te woon en self alles tuis te beoefen.

❹ Vandag is Abalimi Bezekhaya 'n volwaardige kwekery en leerskool waar inwoners ook plante en tuingereedskap goedkoop kan bekom. Maar toe Christina in Mei 1989 hier aangeland het, was dit 'n wildernis met 'n piepklein kantoortjie waar Dave Golding van die Groen Trust die koördineerder was.

❺ Christina is genader om hier te kom werk omdat haar tuin so pragtig was, maar sy het net standerd twee, en die kandidaat moes 'n standerdnege- of matriek-kwalifikasie hê. Maar nadat hulle haar vermoëns gesien het, is sy aangestel. Sy het vingeralleen alles gedoen, en sy wys foto's van die eerste bome wat sy self geplant het, hoe sy loopgrawe gespit en pale geplant het saam met haar seun en sy maats wat ná skool kom help het.

❻ Dit was harde werk, maar baie bevredigend, veral die kursusgangers se reaksie.

❼ "Mense kan nie glo dat hulle groenrissies en blomkool self kan kweek nie. Party vaar al so goed met hul groentetuine dat hulle van hul produkte verkoop. Baie kom koop nog plante hier met hul winste. Ek leer hulle hoe om met die sanderige grond iets te maak deur van hul kombuisafval te gebruik. En dis nie net prakties nie; ek wil ook blomme en bome sien, dit moet 'n lekker omgewing wees om in te woon."

❽ Op 48 leer Christina steeds elke dag (en saans studeer sy om standerd drie klaar te maak). Sy het pas in Gauteng 'n kursus oor voedingswaarde en kruie voltooi, en talle boeke teruggebring oor die opvoeding van kinders. Want hulle is haar volgende doelwit.

❾ Christina het self as kind op 'n plaas by Kokstad in die destydse Natal geleer om tuin te maak. Haar werkgewer het met groente geboer, en na 'n jaar of twee in die kombuis het Christina in die groentetuin begin werk. Dit was vir haar van groot waarde. Oral waar sy daarna gewoon het, het sy in die grond gewoel.

❿ "As daar 'n oop ruimte hier is, beplant ek hom," skerts sy.

## TEKS C

❶ MARTIN KIRSTEN wil vlieënier word, maar dié slimkop se voete is nog vas op die aarde – trouens, dis in die olie.

❷ Olie-besoedeling op see is een van die aaklige werklikhede van ons tyd. Olietenkskepe wat sink en duisende ton ru-olie in die see stort, veroorsaak elke keer 'n ekologiese ramp. Volgens statistiek kan net 400 ton olie die dood van 35 000 seevoëls veroorsaak.

❸ En nou het Martin, sewentienjarige matriekseun van Hoërskool Middelburg in Mpumalanga, 'n eenvoudige, maar uiters doeltreffende oplossing gevind om oliebesoedeling op te ruim. Hy het besluit om die probleem die oplossing te maak.

❹ Hy vertel: "Ek het na 'n program op TV gekyk oor hoe seevoëls ná 'n olieramp skoongemaak word en ewe skielik het 'n absurde gedagte my getref: hoekom gebruik 'n mens nie die dooie voëls om die olie mee op te ruim nie? Die gedagte het by my gespook en ek het agterna meer logies en wetenskaplik daaroor begin nadink.

❺ "Alle voëls se vere is waterdig en suig olie waarmee dit in aanraking kom onmiddellik op, soos 'n spons water opsuig. Ek het toe 'n eenvoudige laboratoriumtoets gedoen deur 'n 300 ml bak te neem en 150 ml water daarin te gooi. Daarna het ek 100 ml olie bygegooi. Ek het 'n klompie hoendervere ook in die bak geplaas en binne 30 sekondes het die vere al die olie opgesuig en was die water weer skoon."

❻ Martin het vasgestel in Mpumalanga is daar 23 hoenderplase wat 170 kg vere per dag lewer wanneer hoenders vir die mark geslag word. Die volgende stap was om aan 'n manier te dink om die vere in groot massas bymekaar te maak sodat dit maklik oor die besoedelde gebied getrek of gesleep kan word.

❼ Sy ma, Elsa, het hom gehelp om reuseslope van sintetiese veselseil te maak wat hy vol hoendervere kon stop. Daarna het Martin 'n beheerde ramp geskep in 'n dam naby hul huis deur ru-olie 2,2 cm dik op 'n afgesperde gebied te gooi. Hy het die slope oor die besoedelde gebied gesleep en binne 30 sekondes het dit al die olie opgesuig.

❽ Ná nog sulke eksperimente het Yskor Martin genooi om 'n besoedelde dam by dié maatskappy se Grootte Geluk-steenkoolmyn op Ellisras in die Noordelike Provinsie skoon te maak. Weer eens was dit 'n groot sukses.

❾ Intussen het Martin sy projek Vere Ruim Olie Op 2000 (VROO) laat patenteer. Dit beteken as groot maatskappye in die toekoms van dié metode gebruik wil maak om olie op te ruim, kan dit Martin baie geld in die sak bring.

❿ Hy is verlede jaar by die Nasionale Expo vir Jong Wetenskaplikes aangewys as die algehele wenner. In Maart vanjaar het hy aan 'n groot Expo in Taiwan deelgeneem en derde geëindig. Martin het ook onder meer die Dr. Meiring Naudé goue gedenkprys gekry – die hoogste vir 'n jong wetenskaplike in Suid-Afrika.

⓫ En waarheen ná matriek?

⓬ "Almal verwag ek moet universiteit toe gaan en 'n wetenskaplike of ingenieur word. Maar ek het besluit om te doen waaroor ek reeds van my tjokkerdae droom: vlieënier word. So, hopelik oor 'n paar jaar vlieg ek groot passasiersvliegtuie."

⓭ MUSIEK is André du Preez (17) se lewe. Hy is in graad 12 aan Afrikaans Hoërskool Germiston (Oos-Rand). Praat jy van musiek soos *rave*, *house* en *progressive house*, praat jy André se taal.

⓮ Hy is 'n platejoggie wat drie jaar gelede sy "onderneming" met 'n klein hoëtroustel begin het en intussen só uitgebrei het dat hy nou klanktoerusting van R60 000 besit. Dit sluit sowat 120 langspeelplate en 100 CD's in. Naweke verhuur hy sy diens aan skole in die omgewing wat 'n "hop" (sokkiejol) in hul skoolsaal aanbied en verdien so maklik R600 per aand. Hy is ook beskikbaar vir private huispartytjies.

⓯ "Die geld wat ek só verdien, gebruik ek weer om beter en duurder toerusting te koop. Ek voer ook voortdurend al die jongste musiek van oorsee in – meestal langspeelplate, aangesien baie snitte op langspeelplate nooit op CD uitkom nie."

⓰ En sy planne ná skool?

⓱ "Ek het nog nie besluit of ek moet gaan studeer nie. Maar een ding is seker: ek gaan eendag my eie nagklub begin en aanhou musiek maak. En hopelik ook aanhou geld maak."

## TEKS D

# INSKRYWINGSVORM 2000

(Fotokopieë is aanvaarbaar.)
Sluitingsdatum – 8 Oktober 2000
of eerste 10 000 inskrywings ontvang
Geen laat inskrywings by wegspring nie

Elke deelnemer moet 'n inskrywingsvorm voltooi. Kinderinskrywings – sien reël 2
Geen kategorie veranderings sal toegelaat word nie. Plaasvervangings – sien reël 9

Voordat u hierdie vorm voltooi, lees asseblief "Hoe skryf ek in?" en die volgende sorgvuldig deur:

- Indien u saam wil ry, stuur asseblief u inskrywings saam met 'n begeleidende brief in dieselfde koevert.
- U sal tot ongeveer twee weke voor die prettrap nie van ons hoor nie.
- Indien u vroeë bevestiging van ontvangs van u inskrywing wil hê, sluit asseblief 'n gefrankeerde, selfgeadresseerde koevert in.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Van | | | | |
| Voornaam | | | | |
| Adres | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| Poskode | | | | |
| Land waarin woonagtig | | | | |
| Tel – Huis | Kode | | Nr. | |
| Tel – Werk | Kode | | Nr. | |
| Geboortedatum | jjjj / mm / dd | | | |
| ID-nommer | | | | |
| Geslag | Dui met 'n X aan | Manlik | | Vroulik |
| Indien van toepassing – Skool | | | | |
| Naasbestaande | | | | |
| Tel.nommer | Kode | | Nr. | |
| AFSTAND | Dui met 'n X aan | 55 km | | 103 km |

| | KATEGORIEË<br>Skryf vir slegs EEN in deur die toepaslike blokkie te merk. | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| OPE | Indien u nie Die Burger/Sanlam Prettrap van 1997 of 1998 OF Cape Argus Pick 'n Pay Fietstoer van 1998 of 1999 voltooi het nie. | | | | |
| GEKEUR | 'n Fotokopie van u sertifikaat vir Die Burger/Sanlam Prettrap van 1997 of 1998 OF Cape Argus Pick 'n Pay Fietstoer van 1998 of 1999 MOET aangeheg word. | | | | |
| | Die Burger/Sanlam Prettrap | Dui aan | 97 | 98 | 99 |
| | | 103 km / 55 km | | | |
| | Cape Argus Pick 'n Pay Fietstoer | | | | |
| TANDEM | Een vorm per fietsryer. Blind | Ja/Nee | | | |
| | Naam van tweede ryer: | | | | |
| ONKONVENSIONEEL | Spesiaal-ontwerpte fietse (waarop ryer plat lê).<br>L.W. Bergfietse is nie onkonvensioneel nie. | | | | |

| | INSKRYWINGSFOOIE<br>GEEN KONTANT OF VOORUITGEDATEERDE TJEKS WORD AANVAAR NIE | |
|---|---|---|
| PPA/SAFF-lede | Lidmaatskapnr. | R60,00 |
| Nie-lede | | R65,00 |
| TOTAAL | Vir hierdie inskrywingsvorm (AVB ingesluit) | R |
| TJEKS POSORDERS | Slegs gekruiste tjeks if gekruiste posorders, uitgemaak aan **Die Burger/Sanlam Prettrap word aanvaar.** Geen kontant of vooruitgedateerde tjeks word aanvaar nie. | |
| DEPOSITO IN BANKREKENING | Inskrywingsfooie kan op die volgende bankrekeningnommer gedeponeer word: **Die Burger/Sanlam Prettrap : ABSA** Tak 52341048 Rekeningnommer: 4049512927 'n Oorspronklike depositobewys moet saam met u geposte inskrywingsvorm gaan. | |
| POS INSKRYWINGSVORM AAN | **Die Burger/Sanlam Prettrap<br>Posbus 1, Sanlamhof 7532** | |

HOE SKRYF EK IN?

- Die Inskrywingsvorm
  Lees die inskrywingsvorm sorgvuldig deur voordat u dit invul. Daar is twee roetes, naamlik 55km en 103km, en drie kategorieë, naamlik : Ope, Gekeur en Tandem. Merk asseblief u keuse duidelik.

- Ope
  Indien u nie vir 'n Gekeurde Kategorie kwalifiseer nie, word u in die Ope Kategorie geplaas.

- Gekeur Konvensioneel
  Sou u om keuring aansoek wil doen, moet u die ruimte "Gekeur" op die inskrywingsvorm invul. U sal op u beste indeks in een van die twee genoemde nommers gekeur word. Indien u 'n opgedateerde (persoonlike) inskrywingsvorm ontvang het, hoef u nie kopieë van die voltooiingsertifikate aan ons te stuur nie. Anders moet u kopieë van voltooiingsertifikate saam met u inskrywingsvorm voorlê.

- Tandems
  Elke tandemfietsryer moet 'n afsonderlike inskrywingsvorm invul en afsonderlik betaal, maar sy/haar inskrywing moet aan dié van die betrokke tandemmaat vasgekram en kruisverwys word. Indien die tweede fietstryer blind is, moet u dit asseblief aandui deur die toepaslike blokkie te merk.

- Onkonvensioneel
  Spesiaal-ontwerpte fieste (waarop ryer plat lê) LW : Bergfietse is nie onkonvensioneel nie.

- Goeie Nuus vir Skoliere
  Vul die naam van jou skool op die inskrywingsvorm in en jy kan vir 'n spesiale toekenning kwalifiseer wat aan jou skool gestuur sal word, afhangende van hoe goed jy in die prettrap vaar. Volledige besonderhede hieroor kan in Die Burger of op webtuiste verkry word (sien voorblad).

- Ander kategoriereëls
  Onvolledige of foutiewe inskrywings kan geweier of in die Ope Kategorie geplaas word.

  Lede van PPA/SAFF moet hulle lidmaatskapnommers op die inskrywingsvorms vermeld om vir die laer inskrywingsfooi te kwalifiseer. Nie-lede van PPA kan ook as lede inskryf deur die ingeslote PPA-lidmaatskapsvorm in te vul en die betrokke fooi te betaal, uitgemaak aan die Pedal Power Association.

  Indien u saam met 'n vriend of vriende in dieslefde kategorie wil trap, moet u die inskrywings met 'n nota in dier voege saam in een koevert inlewer, en u sal by die stadiger/stadigste groep ingedeel word. Kategorieveranderinge sal onder geen omstandighede gedoen word nie.